

27 Desember

**Skrifgedeelte: Jesaja 58 (OAV)
Fokusgedeelte: Jesaja 58:3-10**

Waarskuwing teen huigelary en skynvroomheid

“Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie?” God se kinders het dikwels waarom-vrae. Tydens die goddelose koning Manasse se bewind, kon hulle nie verstaan waarom hulle gebede nie verhoor is nie. Die rede: “Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan. Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie”. Die vas wat die Here verkies is nie ‘n vertoon nie. Dit is oorgawe en toewyding aan God wat uiterlik met “vrugte wat by bekering pas” bevestig word. “Julle moet die bande van goddeloosheid losmaak, julle moet die stroppe van die juk afhaal en die verdruktes vry laat weggaan en elke juk stukkend breek!” Dit beteken dat jy jou brood gee vir hom wat honger het, en ellendiges en swerweling in die huis inbring. As jy iemand sien wat naak is, moet jy hom klee. Hoor ons nie die apostel Jakobus waar hy sê dat geloof sonder die werke dood is nie? Watter voorwaardes stel die Here aan die wat Hom wil dien?” As jy jou voet terughou van die sabbat - om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat ‘n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE” (58:13-14).

Sing: Psalm 41:1

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)